REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **45c** Plaaslik
Other countries **60c** Buitelands
Post free • Posvry

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 256 PRETORIA, 9 OCTOBER / OKTOBER 1986 No. 10480

MEETINGS OF PARLIAMENTARY COMMITTEES

MONDAY, 22 SEPTEMBER 1986

Joint Committee on Pension Benefits.

WEDNESDAY, 24 SEPTEMBER AND THURSDAY, 25 SEPTEMBER 1986

Standing Committee on Trade and Industry (Trade Practices Act [Act 76 of 1976]).

MONDAY, 29 SEPTEMBER TO WEDNESDAY, 1 OCTOBER 1986

Standing Committee on Law and Order (Security Officers Bill [B 118–86 (GA)]).

WEDNESDAY, 1 OCTOBER AND THURSDAY, 2 OCTOBER 1986

Select Committee on the Housing Development Bill (House of Delegates [B 88–86 (HD)]).

MONDAY, 6 OCTOBER 1986

Joint Committee on Sanctions and Boycotts.

TUESDAY, 7 OCTOBER AND WEDNESDAY, 8 OCTOBER 1986

Standing Committee on Education and Development Aid.

MONDAY, 13 OCTOBER TO FRIDAY, 17 OCTOBER 1986

Joint Committee on the Electoral Act.

MONDAY, 13 OCTOBER TO WEDNESDAY, 15 OCTOBER 1986

Standing Committee on Mineral and Energy Affairs (Mines and Works Amendment Bill [B 122–86 (GA)]; Coal Amendment Bill [B 123–86 (GA)]).

MONDAY, 20 OCTOBER TO THURSDAY, 23 OCTOBER 1986.

Standing Committee on Constitutional Development and Planning (Pension Benefits for Councillors of Local Authorities Bill [B 65–86 (GA)]; Local Government Bodies Electoral Bill [B 113–86 (GA)]; Black Local Authorities Second Amendment Bill [B 114–86 (GA)]).

VERGADERINGS VAN PARLEMENTÊRE KOMITEES

MAANDAG, 22 SEPTEMBER 1986

Gesamentlike Komitee oor Pensioenvoordele.

WOENSDAG, 24 SEPTEMBER EN DONDERDAG, 25 SEPTEMBER 1986

Staande Komitee oor Handel en Nywerheid (Wet op Handelspraktyke [Wet 76 van 1976]).

MAANDAG, 29 SEPTEMBER TOT WOENSDAG, 1 OKTOBER 1986

Staande Komitee oor Wet en Orde (Wetsontwerp op Sekuriteitsbeamptes [W 118–86 (AS)]).

WOENSDAG, 1 OKTOBER EN DONDERDAG, 2 OKTOBER 1986

Gekose Komitee oor Wetsontwerp op Behuisingsontwikkeling (Raad van Afgevaardigdes [W 88–86 (RA)]).

MAANDAG, 6 OKTOBER 1986

Gesamentlike Komitee oor Sanksies en Boikotte.

DINSDAG, 7 OKTOBER EN WOENSDAG, 8 OKTOBER 1986

Staande Komitee oor Onderwys en Ontwikkelingshulp.

MAANDAG, 13 OKTOBER TOT VRYDAG, 17 OKTOBER 1986

Gesamentlike Komitee oor die Kieswet.

MAANDAG, 13 OKTOBER TOT WOENSDAG, 15 OKTOBER 1986

Staande Komitee oor Mineraal- en Energiesake (Wysigingswetsontwerp op Myne en Bedrywe [W 122–86 (AS)]; Wysigingswetsontwerp op Steenkool [W 123–86 (AS)]).

MAANDAG, 20 OKTOBER TOT DONDERDAG, 23 OKTOBER 1986

Staande Komitee oor Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning (Wetsontwerp op Pensioenvoordele vir Raadslede van Plaaslike Owerhede [W 65–86 (AS)]; Kieswetsontwerp vir Plaaslike Owerheidsliggame [W 113–86 (AS)]; Tweede Wysigingswetsontwerp op Swart Plaaslike Owerhede [W 114–86 (AS)]).

MONDAY, 27 OCTOBER TO FRIDAY, 31 OCTOBER 1986

Standing Committee on National Education (Certification Council for Teachers' Training Bill [B 17–86 (GA)]).

MONDAY, 10 NOVEMBER TO FRIDAY, 14 NOVEMBER 1986

Standing Committee on Constitutional Development and Planning (Pension Benefits for Councillors of Local Authorities Bill [65–86 (GA)]; Local Government Bodies Electoral Bill [B 113–86 (GA)]; Black Local Authorities Second Amendment Bill [B 114–86 (GA)]).

WEDNESDAY, 12 NOVEMBER AND THURSDAY, 13 NOVEMBER 1986

Standing Committee on Mineral and Energy Affairs (Mines and Works Amendment Bill [B 122–86 (GA)]; Coal Amendment Bill [B 123–86 (GA)]).

MONDAY, 17 NOVEMBER TO WEDNESDAY, 19 NOVEMBER 1986

Standing Committee on Environment Affairs and Tourism (Abolition of the Fisheries Development Corporation of South Africa, Limited, Bill [B 110–86 (GA)].

TUESDAY, 18 NOVEMBER AND WEDNESDAY, 19 NOVEMBER 1986

Standing Committee on Education and Development Aid.

TUESDAY, 18 NOVEMBER TO THURSDAY, 20 NOVEMBER 1986

Standing Committee on Trade and Industry (Trade Practices Act [Act 76 of 1976]).

MAANDAG, 27 OKTOBER TOT VRYDAG, 31 OKTOBER 1986

Staande Komitee oor Nasionale Opvoeding (Wetsontwerp op die Sertifiseringsraad vir Onderwysersopleiding [W 17–86 (AS)].

MAANDAG, 10 NOVEMBER TOT VRYDAG, 14 NOVEMBER 1986

Staande Komitee oor Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning (Wetsontwerp op Pensioenvoordele vir Raadslede van Plaaslike Owerhede [W 65–86 (AS)]; Kieswetsontwerp vir Plaaslike Owerheidsliggame [W 113–86 (AS)]; Tweede Wysigingswetsontwerp op Swart Plaaslike Owerhede [W 114–86 (AS)]).

WOENSDAG, 12 NOVEMBER EN DONDERDAG, 13 NOVEMBER 1986

Staande Komitee oor Mineraal- en Energiesake (Wysigingswetsontwerp op Myne en Bedrywe [W 122–86 (AS)]; Wysigingswetsontwerp op Steenkool [W 123–86 (AS)]).

MAANDAG, 17 NOVEMBER TOT WOENSDAG, 19 NOVEMBER 1986

Staande Komitee oor Omgewingsake en Toerisme (Wetsontwerp op die Afskaffing van die Visserye-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk [W 110–86 (AS)]).

DINSDAG, 18 NOVEMBER EN WOENSDAG, 19 NOVEMBER 1986

Staande Komitee oor Onderwys en Ontwikkelingshulp.

DINSDAG, 18 NOVEMBER TOT DONDERDAG, 20 NOVEMBER 1986

Staande Komitee oor Handel en Nywerheid (Wet op Handelspraktyke [Wet 76 van 1976]).

PROCLAMATIONS

by the

State President of the Republic of South Africa

No. 186, 1986

DECLARATION OF A NATIONAL ROAD AND REPEAL OF PROCLAMATION 77 OF 1979, IN WHICH THE NATIONAL ROUTE: NEW GUELDERLAND—TUGELA RIVER, PROVINCE OF NATAL, IS DESCRIBED

By virtue of the powers vested in me by section 4 (1) (a) of the National Roads Act, 1971 (Act 54 of 1971), as amended, I hereby declare that the route described in the Schedule hereto shall be a national road, and by virtue of the powers vested in me by section 4 (1) (c) of the said Act I hereby repeal Proclamation 77 of 1979, in which the National Route: New Guelderland—Tugela River, Province of Natal, is described.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-ninth day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-six.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister of the Cabinet.

PROKLAMASIES

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 186, 1986

VERKLARING VAN 'N NASIONALE PAD EN INTREKKING VAN PROKLAMASIE 77 VAN 1979, WAARIN DIE NASIONALE ROETE NEW GUELDERLAND—TUGELARIVIER, PROVINSIE NATAL, BESKRYF WORD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 (1) (a) van die Wet op Nasionale Paaie, 1971 (Wet 54 van 1971), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die roete wat in die Bylae hiervan beskryf word, 'n nasionale pad is, en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 (1) (c) van genoemde Wet trek ek hierby Proklamasie 77 van 1979, waarin die Nasionale Roete New Guelderland—Tugelarivier, provinsie Natal, beskryf word, in.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid Afrika te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Ses-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister van die Kabinet.

SCHEDULE

PROVINCE OF NATAL

Description of route

A route, as surveyed and indicated on the attached Plan P275/86, commencing on Remainder of Subdivision 21 of New Guelderland 1404 and thence proceeding over the said Remainder, Subdivision 118 (of 21), Remainder of Subdivision 34 and Subdivision 128 (of 126), all of New Guelderland 1404; Subdivision 7, Remainder of Subdivision 6 and Subdivisions 14 (of 6), 19 (of 6) and 18 (of 6), all of Hyde Park 10233; Subdivision 4 of Hyde Park 1388; Subdivisions 17 (of 6), 16 (of 6), 15 (of 6) and 21 (of 5), Remainder of Subdivision 5 and Subdivision 4, all of Hyde Park 10233; Subdivisions 15 (of 6) and 5 of Hyde Park 1388; Subdivision 1 of Hyde Park 10233; Subdivision 7 (of 3) of Hyde Park 1388; Subdivisions 23 (of 15), 14 and 12, all of Chantilly 1804; Chanteloupe 2607; Subdivision 11 of Chantilly 1804; Remainder of Mac Corkingdale's Grant 1810; Remainder of Lot H 1671; Unregistered Subdivision 1 and Unregistered Remainder of Lot 5 No. 2612; Admiralty Reserve, Tugela River and Riparian Reserve; Subdivisions 3, 4 and 5, all of Alliance 14837, and Remainder of Lot 16 of Tugela 8877, where it terminates (a total distance of about 16,8 km).

(National Route: New Guelderland—Tugela River, District of Lower Tugela.)

BYLAE

PROVINSIE NATAL

Beskrywing van roete

'n Roete, soos opgemeet en aangedui op bygaande Plan P275/86, wat begin op Restant van Onderverdeling 21 van New Guelderland 1404 en daarvandaan loop oor genoemde Restant, Onderverdeling 118 (van 21), Restant van Onderverdeling 34 en Onderverdeling 128 (van 126), almal van New Guelderland 1404; Onderverdeling 7, Restant van Onderverdeling 6 en Onderverdelings 14 (van 6), 19 (van 6) en 18 (van 6), almal van Hyde Park 10233; Onderverdeling 4 van Hyde Park 1388; Onderverdelings 17 (van 6), 16 (van 6), 15 (van 6) en 21 (van 5), Restant van Onderverdeling 5 en Onderverdeling 4, almal van Hyde Park 10233; Onderverdelings 15 (van 6) en 5 van Hyde Park 1388; Onderverdeling 1 van Hyde Park 10233; Onderverdeling 7 (van 3) van Hyde Park 1388; Onderverdelings 23 (van 15), 14 en 12, almal van Chantilly 1804; Chanteloupe 2607; Onderverdeling 11 van Chantilly 1804; Restant van Mac Corkingdale's Grant 1810; Restant van Perseel H 1671; Ongeregistreerde Onderverdeling 1 en Ongeregistreerde Restant van Perseel 5 No. 2612; Admiraliteitsreserwe, Tugelarivier en Oewerreserwe; Onderverdelings 3, 4 and 5, almal van Alliance 14837, en Restant van Perseel 16 van Tugela 8877, waar dit eindig ('n totale afstand van ongeveer 16,8 km).

(Nasionale Roete: New Guelderland—Tugelarivier, distrik Lower Tugela.)



Nasionale Vervoerkommissie National Transport Commission	Die figuur getoon The figure shown		stel die padreserwe voor van 'n gedeelte represents the road reserve of a portion van Nasionale Roete 2 Seksie 27 of National Route 2 Section 27	Vel 1 van 4 Sheet 1 of 4 P 275 / 86



Nasionale Vervoerkommissie National Transport Commission	Die figuur getoon The figure shown		stel die padreserwe voor van 'n gedeelte represents the road reserve of a portion van Nasionale Roete 2 Seksie 27 of National Route 2 Section 27	Vel 2 van 4 Sheet 2 of 4 P 275/86

PADRESERWE KOÖRDINATE / ROAD RESERVE CO-ORDINATES

LINKERKANT / LEFT HAND SIDE			Lo 31° m	REGTERKANT / RIGHT HAND SIDE		
	Y	X			Y	X
	Konstant / Constant				Konstant / Constant	
	-0,00	+3 200 000,00			-0,00	+3 200 000,00
L.1	33 326,11	44 884,06		R.1	33 397,56	44 938,78
L.2	33 492,12	44 683,71		R.2	33 563,32	44 763,42
L.3	33 613,62	44 495,24		R.3	33 847,78	44 413,76
L.4	34 000,49	44 159,99		R.4	34 184,77	44 144,99
L.5	34 341,48	43 937,95		R.5	34 662,14	43 895,30
L.6	35 072,77	43 524,65		R.6	34 790,00	43 796,40
L.7	35 341,16	43 389,78		R.7	34 957,44	43 726,79
L.8	35 527,63	43 272,61		R.8	35 496,35	43 420,22
L.9	36 638,67	42 641,95		R.9	35 682,32	43 302,18
L.10	36 932,25	42 391,41		R.10	36 359,44	42 914,98
L.11	37 192,86	42 033,53		R.11	36 628,63	42 784,04
L.12	37 314,55	41 749,05		R.12	36 942,58	42 543,96
L.13	37 377,85	41 517,83		R.13	37 166,05	42 299,82
L.14	37 509,23	41 148,81		R.14	37 322,07	42 077,53
L.15	37 686,73	40 905,68		R.15	37 414,28	41 778,52
L.16	38 113,39	40 365,32		R.16	37 466,21	41 543,45
L.17	38 352,33	40 046,98		R.17	37 686,87	41 067,43
L.18	38 590,19	39 658,93		R.18	37 933,06	40 731,22
L.19	38 778,78	39 198,36		R.19	38 421,31	40 094,92
L.20	38 790,42	38 900,43		R.20	38 638,63	39 753,82
L.21	38 820,23	38 843,23		R.21	38 821,38	39 393,77
L.22	38 987,88	38 700,19		R.22	38 912,47	39 259,48
L.23	39 140,83	38 440,25		R.23	39 093,69	39 054,18
L.24	39 385,65	37 914,44		R.24	39 115,06	39 013,17
L.25	39 484,42	37 717,69		R.25	39 180,17	38 722,14
L.26	39 694,29	37 241,88		R.26	39 249,05	38 489,74
L.27	40 110,00	36 353,25		R.27	39 766,91	37 297,07
L.28	40 303,58	35 976,16		R.28	40 132,48	36 499,99
L.29	40 495,00	35 647,12		R.29	40 286,24	36 196,59
L.30	40 965,99	34 903,64		R.30	40 579,08	35 745,41

PADRESERWE KOÖRDINATE / ROAD RESERVE CO-ORDINATES

LINKERKANT / LEFT HAND SIDE			REGTERKANT / RIGHT HAND SIDE		
	Y	X Lo 31° m		Y	X
	Konstant / Constant			Konstant / Constant	
	-0.00	+3 200 000,00		-0,00	+ 3 200 000,00
L.31	41 026,42	34 753,05	R.31	40 999,34	35 017,80
L.32	41 230,42	34 455,82	R.32	41 105,18	34 871,53
L.33	41 378,58	34 171,33	R.33	41 431,81	34 367,98
L.34	41 605,15	33 841,02	R.34	41 488,83	34 215,30
L.35	41 797,88	33 508,09	R.35	41 636,60	33 977,46
L.36	42 193,22	33 046,67	R.36	41 799,36	33 750,66
L.37	42 613,82	32 609,74	R.37	41 949,83	33 493,84
L.38	42 861,80	32 399,01	R.38	42 195,75	33 208,73
L.39	42 961,88	32 364,01	R.39	42 446,99	32 929,09
L.40	43 540,73	31 935,83	R.40	42 714,09	32 676,39
L.41	43 628,40	31 852,53	R.41	43 092,81	32 373,06
L.42	43 704,65	31 821,14	R.42	43 471,32	32 111,28
L.43	43 830,45	31 722,14	R.43	43 687,75	31 933,01
			R.44	43 840,19	31 903,83
			R.45	43 883,87	31 794,58

Vel Sheet 4 van of 4 | P275/86

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

No. 2112 **9 October 1986**

AMENDMENT OF THE GUIDE PLAN FOR KNYSNA/ WILDERNESS/PLETTENBERG BAY

By virtue of the powers vested in me by section 6A (19) of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, hereby amend the Guide Plan for Knysna/ Wilderness/Plettenberg Bay by changing the designation of those portions of the undermentioned properties which are situated east of the Robberg Road from "agriculture" to "township development (excluding township development for industrial purposes)" as indicated on Map 1:

(a) Portion 52 (a portion of Portion 18);

(b) Portion 54 (a portion of Portion 18);

(c) Portion 55 being Portion 82 (a portion of Lot B); and

(d) Portion 56 (a portion of Portion 18), all of the farm Brakkloof 443, Knysna.

Signed at Pretoria this 21st day of September 1986.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

No. 2112 **9 Oktober 1986**

WYSIGING VAN DIE GIDSPLAN VIR KNYSNA/ WILDERNIS/PLETTENBERGBAAI

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6A (19) van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), wysig ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, hierby die Gidsplan vir Knysna/Wildernis/Plettenbergbaai deur die gebruiksaanwysing van daardie gedeeltes van die ondergenoemde eiendomme wat oos van die Robbergpad geleë is van "landbou" na "dorpsontwikkeling (uitgesonderd dorpsontwikkeling vir nywerheidsdoeleindes)" te verander, soos aangetoon op Kaart 1:

(a) Gedeelte 52 ('n gedeelte van Gedeelte 18);

(b) Gedeelte 54 ('n gedeelte van Gedeelte 18);

(c) Gedeelte 55, synde Gedeelte 82 ('n gedeelte van Lot B); en

(d) Gedeelte 56 ('n gedeelte van Gedeelte 18), almal van die plaas Brakkloof 443, Knysna.

Geteken te Pretoria hierdie 21ste dag van September 1986.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

WYSIGING VAN DIE KNYSNA-WILDERNIS-PLETTENBERGBAAI GIDSPLAN
AMENDMENT OF THE KNYSNA-WILDERNESS-PLETTENBERG BAY GUIDE PLAN



No. 2119 **9 October 1986**

LOCAL GOVERNMENT TRAINING ACT, 1985

IMPOSITION OF TRAINING LEVY

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, by virtue of the powers vested in me in terms of section 10 of the Local Government Training Act, 1985 (Act 41 of 1985), and after consultation with the Minister of Finance and the Training Board, do hereby impose, for the financial year 1986/87, a training levy as set out in the accompanying Schedule and payable by local government bodies in general.

The training levy is payable to the Director-General: Department of Constitutional Development and Planning (Training Fund), 240 Walker Street, Sunnyside, Pretoria, or Private Bag X644, Pretoria, 0001.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

SCHEDULE

The amount of R1,50 per employee per annum calculated in accordance with the number of employees to whom a salary or wage is payable by the said local government body on 30 June 1986 and 30 June of each succeeding year: Provided that such levy shall be payable on or before 30 November 1986 and 30 November of each succeeding year.

No. 2119 **9 Oktober 1986**

WET OP PLAASLIKE OWERHEIDSOPLEIDING, 1985

OPLEGGING VAN OPLEIDINGSHEFFING

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985 (Wet 41 van 1985), en na oorlegpleging met die Minister van Finansies en die Opleidingsraad, lê hierby, vir die boekjaar 1986/87, 'n opleidingsheffing soos uiteengesit in die bygaande Bylae en betaalbaar deur plaaslike owerheidsliggame in die algemeen, op.

Die opleidingsheffing is betaalbaar aan die Direkteur-generaal: Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning (Opleidingsfonds), Walkerstraat 240, Sunnyside, Pretoria, of Privaatsak X644, Pretoria, 0001.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

BYLAE

Die bedrag van R1,50 per werknemer per jaar bereken ooreenkomstig die getal werknemers aan wie die betrokke plaaslike owerheidsliggaam op 30 Junie 1986 van elke daaropvolgende jaar, 'n salaris of loon verskuldig is: Met dien verstande dat sodanige heffing betaalbaar is voor of op 30 November 1986 en 30 November van elke daaropvolgende jaar.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 2115 **9 October 1986**

Statement of Revenue collected during the period 1 April 1986 to 31 August 1986.

Treasury, Pretoria.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2115 **9 Oktober 1986**

Staat van Inkomste ingevorder gedurende die tydperk 1 April 1986 tot 31 Augustus 1986.

Tesourie, Pretoria.

Head of Revenue	Inkomstehoof	Estimate Begroting 1986/87	Month August Maand Augustus 1986	Month August Maand Augustus 1985	Total 1 April to 31 August Totaal 1 April tot 31 Augustus 1986	Total 1 April to 31 August Totaal 1 April tot 31 Augustus 1985
		R	R	R	R	R
State Revenue Account	***Staatsinkomsterekening***					
Inland revenue:	Binnelandse inkomste:					
Tax on income	Belasting op inkomste	19 457 300 000	1 747 382 060	1 940 680 172	7 104 181 051	6 469 056 921
Sales tax	Verkoopbelasting	9 450 000 000	750 074 147	668 649 672	3 567 914 969	3 217 396 635
Other taxes:	Ander belastings:					
Non-resident shareholders' tax	Belasting op buitelandse aandeelhouers	300 000 000	25 159 310	20 866 346	173 399 485	123 505 180
Non-residents' tax on interest	Rentebelasting op buitelanders	35 000 000	2 005 269	2 782 502	14 944 254	18 875 991
Undistributed profits	Onuitgekeerde winste	5 000 000	236 359	585 901	957 078	1 682 935
Donations tax	Geskenkbelasting	4 000 000	229 273	338 874	1 585 068	1 678 600
Estate duty	Boedelbelasting	60 000 000	17 054 837	11 085 757	70 920 095	50 853 600
Trade securities	Handelseffekte	85 000 000	9 406 291	5 131 137	40 212 049	20 239 640
Stamp duties and fees	Seëlregte en gelde	305 000 000	26 917 066	23 037 136	119 407 332	103 735 483
Transfer duties	Hereregte	285 000 000	23 989 904	25 181 721	117 393 289	110 378 221
Miscellaneous	Diverse	5 000	—	—	—	—
Mining leases and ownership	Mynverhurings- en eiendomsregte	680 000 000	297 944 837	289 452 897	346 781 025	295 528 496
Interest and dividends	Rente en dividende	390 745 000	29 014 286	30 478 323	144 524 198	100 242 934
Levies	Heffings	50 700 000	6 243 746	5 460 081	44 952 181	17 110 654
Recoveries of loans and advances	Terugvorderings van lenings en voorskotte	50 600 000	605 148	1 066 358	5 318 953	7 020 468
Departmental activities	Departementele bedrywighede	353 950 000	152 871 466	32 641 960	317 576 344	439 268 717
	R	31 512 300 000	3 089 133 999	3 057 438 837	12 070 067 371	10 976 574 475
Less: Payments to self-governing national states	*Min:* Betalings aan selfregerende nasionale state	425 300 000	35 539 000	30 844 000	176 635 000	147 084 000
Total: Inland revenue	Totaal: Binnelandse inkomste R	31 087 000 000	3 053 594 999	3 026 594 837	11 893 432 371	10 829 490 475
Customs and excise duties:	Doeane- en aksynsregte:					
Customs duty	Doeanereg	1 300 000 000	124 707 704	110 665 587	580 993 802	482 316 207
Surcharge	Bobelasting	960 000 000	94 252 101	—	430 755 634	—
Excise duty	Aksynsreg	1 860 000 000	111 269 216	96 328 887	663 124 701	708 277 155
Miscellaneous	Diverse	90 000 000	2 466 151	4 150 406	33 864 069	42 566 125
	R	4 210 000 000	327 762 870	211 144 880	1 708 738 206	1 233 159 487
Less:	*Min:*					
Amount to the credit of Central Revenue Fund	Bedrag tot krediet van Sentrale Inkomstefonds	350 000 000	29 100 000	21 000 000	145 500 000	105 000 000
Payments in terms of Customs Union Agreements	Betalings ingevolge Doeane-unie-ooreenkomste	1 320 000 000	—	—	624 072 000	609 764 500
Total: Customs and excise duties	Totaal: Doeane- en aksynsregte R	2 540 000 000	298 662 870	190 144 880	939 166 206	518 394 987
	R	33 627 000 000	3 352 257 869	3 216 739 717	12 832 598 577	11 347 885 462
South African Development Trust Fund	Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustfonds	33 000 000	1 487 118	1 475 996	7 900 632	7 111 870
Sorghum Beer Research Fund	Fonds vir Sorghumbiernavorsing	1 600 000	—	—	—	—
	R	34 600 000	1 487 118	1 475 996	7 900 632	7 111 870
	R	33 661 600 000	3 353 744 987	3 218 215 713	12 840 499 209	11 354 997 332

Head of Revenue	Inkomstehoof	Estimate Begroting 1986/87	Month August Maand Augustus		Total 1 April to 31 August Totaal 1 April tot 31 Augustus	
			1986	1985	1986	1985
		R	R	R	R	R
Appropriation Account: House of Assembly	***Begrotingsrekening: Volksraad***					
Inland revenue	Binnelandse inkomste	112 945 000	3	2 439 289	7 881 732	10 418 570
Appropriation Account: House of Representatives	***Begrotingsrekening: Raad van Verteenwoordigers***					
Inland revenue	Binnelandse inkomste	13 500 000	91 188	10 326	2 467 791	26 236
Appropriation Account: House of delegates	***Begrotingsrekening: Raad van Afgevaardigdes***					
Inland revenue	Binnelandse inkomste	2 061 000	441 519	177 225	1 086 588	1 300 825
	R	128 506 000	532 710	2 626 840	11 436 111	11 745 631
Grandtotal	Groottotaal R	33 790 106 000	3 354 277 697	3 220 842 553	12 851 935 320	11 366 742 963
Reconciliation with statement published by Government Notice 1880 in *Government Gazette* of 12 September 1986:	Rekonsiliasie met opgaaf gepubliseer by Goewermentskennisgewing 1880 in *Staatskoerant* van 12 September 1986:					
Overremitted, 31 March 1986	Te veel oorgedra, 31 Maart 1986	—	—	—	11 131 877	—
Overremitted 31 July 1986	Te veel oorgedra 31 Julie 1986	—	43 125 542	—	—	—
Collections as above	Invorderings soos hierbo	—	3 354 277 697	—	12 851 935 320	—
	R	—	3 311 152 155	—	12 840 803 443	—
Overremitted, 31 August 1986	Te veel oorgedra, 31 Augustus 1986	—	28 814 196	—	28 814 196	—
Received into Exchequer Account	In Skatkisrekening ontvang R	—	3 339 966 351	—	12 869 617 639	—

No. 2131 **9 October 1986**

USURY ACT, 1968 (ACT 73 OF 1968)

REGULATIONS CONTEMPLATED IN SECTIONS 3A (2) (a) AND 15 (g)

The Acting Minister of Finance has under section 16 of the Usury Act, 1968 (Act 73 of 1968), made the regulations contained in the Schedule.

SCHEDULE

1. For the purposes of section 3A (2) (a) of the Usury Act, 1968 (Act 73 of 1968) (hereinafter in these Regulations referred to as the Act), the other amount contemplated in that section shall be R25 000.
2. For the purposes of section 15 (g) of the Act the other amount contemplated in that section shall be R50 000.
3. These Regulations shall come into operation on 9 October 1986.

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 2116 **9 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—CROCODILE TO MORRIS

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Aaron Crocodile, his wife Sarah and his children Franklin Calvert, Florence Calvert, Abraham Calvert and Hilton Aaron Calvert, residing at 22 Musica Avenue, Macassar, to assume the surname of Morris.

No. 2117 **9 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—ABDOOL KARIM SHA TO SHA

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Suresh Abdool Karim Sha, his wife Kowsila Rani, residing at Darnall, to assume the surname of Sha.

No. 2131 **9 Oktober 1986**

WOEKERWET, 1968 (WET 73 VAN 1968)

REGULASIES BEOOG IN ARTIKELS 3A (2) (a) EN 15 (g)

Die Waarnemende Minister van Fianansies het kragtens artikel 16 van die Woekerwet, 1968 (Wet 73 van 1968), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

1. Vir doeleindes van artikel 3A (2) (a) van die Woekerwet, 1968 (Wet 73 van 1968) (hieronder in hierdie Regulasies die Wet genoem), is die ander bedrag beoog in daardie artikel, R25 000.
2. Vir doeleindes van artikel 15 (g) van die Wet is die ander bedrag beoog in daardie artikel, R50 000.
3. Hierdie Regulasies tree in werking op 9 Oktober 1986.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 2116 **9 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—CROCODILE IN MORRIS

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Aaron Crocodile, sy vrou Sarah en sy kinders Franklin Calvert, Florence Calvert en Hilton Aaron Calvert, woonagtig te Musicalaan 22, Macassar, te magtig om die van Morris aan te neem.

No. 2117 **9 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—ABDOOL KARIM SHA IN SHA

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Suresh Abdool Karim Sha, sy vrou Kowsila Rani, woonagtig te Darnall, te magtig om die van Sha aan te neem.

No. 2118 **9 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—CHINNIAH TO NAIDOO

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Athie Dennis Chinniah, residing at 69 Pelican Drive, Chatsworth, to assume the surname of Naidoo.

No. 2118 **9 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—CHINNIAH IN NAIDOO

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Athie Dennis Chinniah, woonagtig te Pelicanrylaan 69, Chatsworth, te magtig om die van Naidoo aan te neem.

DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT

No. 2128 **9 October 1986**

APPOINTMENT.—HOSPITAL BOARD MEMBER, KOMANI HOSPITAL, QUEENSTOWN

Under and by virtue of the powers vested in him by section 47 of the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), the Minister of National Health and Population Development has appointed the following person to be a member of the Hospital Board, Komani Hospital, Queenstown, for the remaining period of the three-year term, namely from 1 September 1986 to 30 September 1988:

Mrs A. Oosthuyzen.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING

No. 2128 **9 Oktober 1986**

AANSTELLING.—HOSPITAALRAADSLID, KOMANI-HOSPITAAL, QUEENSTOWN

Die Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 47 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), ondergenoemde persoon as lid van die Hospitaalraad, Komanihospitaal, Queenstown, aangestel vir die oorblywende tydperk van die driejaartermyn, naamlik van 1 September 1986 tot 30 September 1988.

Mev. A. Oosthuyzen.

GENERAL NOTICES

ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 694 OF 1986—KENNISGEWING 694 VAN 1986

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS—DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

STATEMENT OF REVENUE AND EXPENDITURE: AUGUST 1986
STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE: AUGUSTUS 1986

	Estimates Begroting 1986–87	Month of August Maand van Augustus		Total: April to August Totaal: April tot Augustus		
		1986	1985	1986/87	1985/86	
	R	R	R	R	R	
Operating Expenditure:						***Bedryfsuitgawe:***
Postal, Savings, Money transfer, Agency services and Telecommunications	3 420 874 000*	251 642 135	216 487 192	1 286 112 183†	1 040 073 387†	Pos-, Spaar-, Geldoordrag-, Agentskapdienste en Telekommunikasie.
Capital Expenditure:						***Kapitaaluitgawe:***
Telecommunications	1 443 601 000	116 861 477	96 663 932	535 803 063	430 434 513	Telekommunikasie.
Land, Buildings and Housing	197 000 000	10 523 087	6 830 203	40 169 662	31 031 804	Grond, Geboue en Behuising.
Vehicles	38 000 000	5 378 430	4 369 009	9 550 757	7 788 688	Voertuie.
Office, Data Processing, Mail Handling and Stores Equipment	45 163 000	307 976	4 364 296	1 668 049	8 042 263	Kantoor-, Dataverwerkings-, Poshanterings- en Voorraadtoerusting.
Total	1 723 764 000	133 070 970	112 227 440	587 191 531†	477 297 268†	Totaal.
Amounts to be appropriated from the operating surplus:						***Bedrae wat uit die bedryfsurplus aangewend staan te word:***
Redemption of Loans	207 000 000	—	253 345	—	5 253 345	Leningsdelging.
Staff Housing Scheme	10 000 000	—	—	10 000 000	30 000 000	Personeelbehuisingskema.
Increase of Standard Stock Capital	38 000 000	—	—	38 000 000	22 000 000	Verhoging van Standaardvoorraadkapitaal.
Contribution to Saswitch	500 000	86 219	—	234 190	—	Bydrae tot Saswitch.
Total	255 500 000*	86 219	253 345	48 234 190†	57 253 345†	Totaal.

	Estimates Begroting 1986–87	Month of August Maand van Augustus		Total: April to August Totaal: April tot Augustus		
		1986	1985	1986/87	1985/86	
	R	R	R	R	R	
Revenue:						***Inkomste:***
Telephone system	2 761 650 000	250 591 537	196 534 016	1 148 912 504	917 543 551	Telefoonstelsel.
Telex system	171 912 000	15 505 702	13 947 401	68 132 204	61 403 336	Teleksstelsel.
Gentex system	33 633 000	3 303 019	2 517 149	13 244 744	10 791 191	Gentexsstelsel.
Leased circuits	129 900 000	10 124 182	9 454 880	50 894 980	41 922 501	Huurverbindings.
Postal services	413 576 000	31 235 137	27 211 372	154 490 237	131 843 931	Posdienste.
Money transfer services	23 335 000	2 092 661	1 895 416	11 032 879	10 167 204	Geldoordragdienste.
Agency services	14 223 000	792 963	877 061	2 636 822	3 483 303	Agentskapdienste.
Non-operating revenue	91 900 000	34 864 667	—	73 645 785	—	Nie-bedryfsinkomste.
Savings services	—	—	5 506 499	—	45 398 766	Spaardienste.
Total	3 640 129 000*	348 509 868	257 943 794	1 522 990 155†	1 222 553 783†	Totaal.

Printer's note: Items correspond to 1986—87 printed estimates.
Drukkersnota: Items stem ooreen met die 1986–87 gedrukte begroting.

* Internal charges not included.
Interne heffings nie ingesluit nie.

† Neither revenue nor expenditure is evenly spread over the financial year. Certain large operating expenditure payments are made quarterly, half yearly or annually, whilst capital expenditure payments are related to the execution of specific short and long term contracts.
Nòg inkomste nòg besteding is gelykmatig oor die boekjaar versprei. Sekere groot bedryfsuitgawebetalings geskied kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks, terwyl kapitaaluitgawebetalings saamhang met die uitvoering van bepaalde kort- en langtermynkontrakte.

(17 October 1986)/(17 Oktober 1986)

NOTICE 695 OF 1986

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that Mr J. C. Pretorius, P.O. Box 106, Mtubatuba, 3935, has in terms of section 11 of the said Act applied to the Minister of Agricultural Economics and of Water Affairs for approval for the erection of a new abattoir on Lot 184, Matubatuba, District of Hlabisa.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughter of five to eight head of cattle or 35 calves or 75 sheep/goats or eight pigs per day for supplying meat to the residents of Matubatuba, St Lucia and vicinities.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

A. D. MARITZ,

for Chairman: Abattoir Commission.

Note: The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(9 October 1986)

KENNISGEWING 695 VAN 1986

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat mnr. J. C. Pretorius, Posbus 106, Mtubatuba, 3935, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbou-ekonomie en van Waterwese aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n nuwe abattoir op Perseel 184, Mtubatuba, distrik Hlabisa.

Indien die aansoek toegestaan word, sal die abattoir gebruik word vir die slag van vyf tot agt beeste of 35 kalwers of 75 skape/bokke of agt varke per dag vir die voorsiening van vleis aan die inwoners van Mtubatuba, St Lucia en omgewings.

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 11 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

A. D. MARITZ,

namens Voorsitter: Abattoirkommissie.

L.W.: Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(9 Oktober 1986)

NOTICE 698 OF 1986

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

BREEDE RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISIONS OF ROBERTSON, SWELLENDAM AND WORCESTER, CAPE PROVINCE.—SCHEDULING BOARD MEETING

It is hereby notified in terms of section 64 of the Water Act, 1956, that meetings of the Scheduling Board in connection with the schedule of rateable areas of the Breede River Government Water Control Area will be held at the times and places mentioned below for the purpose of hearing and deciding on claims for inclusion in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein:

(a) At 09h00 on Tuesday, 28 October 1986, in the KWV Hall, Robertson.

(b) At 09h00 on Wednesday, 29 October 1986, at the Bonnievale Co-operative Wine Cellars, Bonnievale.

(c) At 09h00 on Thursday, 30 October 1986, in the KWV Hall, Robertson.

Copies of the schedule of rateable areas, prepared in terms of section 63 (7) of the said Act, will be lying for inspection at the following places and with the following persons from Tuesday, 14 October 1986:

(a) Bonnievale Co-operative Wine Cellars, Bonnievale.

(b) Secretary of the Zanddrift Irrigation Board, c/o Van Niekerk and Linde, Bonnievale.

(c) Secretary of the Breede River Water Conservation Board, c/o Muller, Baard and Conradie, Robertson.

(d) Aan de Doorns Co-operative Wine Cellars, Worcester.

(e) Survey Services Regional Office, Department of Water Affairs, Worcester.

Any registered owner of land in the said area who is unable to attend the said meetings may authorise any other person, in writing, to represent him/her at the meetings.

(9 October 1986)

NOTICE 699 OF 1986

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

It is hereby notified for general information in terms of section 17 (8) of the Labour Relations Act, 1956, that the President of the Industrial Court, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, has appointed Professor Charl Cilliers de Witt and Professor Matthys Johannes Oosthuizen, additional members of the Industrial Court for the purpose of performing such functions of the Court as the President may from time to time direct.

(9 October 1986)

NOTICE 700 OF 1986

CUSTOMS ANDEXCISE TARIFF APPLICATIONS.—LIST 35/86

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and industries, Private Bag X753, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice.

KENNISGEWING 698 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

BREËRIVIER-STAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELINGS ROBERTSON, SWELLENDAM EN WORCESTER, KAAPPROVINSIE.—INLYSTINGSRAADSVERGADERING

Hierby word ingevolge artikel 64 van die Waterwet, 1956, bekendgemaak dat vergaderings van die Inlystingsraad in verband met die lys van belasbare oppervlaktes van die Breërivier-staatswaterbeheergebied op die plekke en tye hieronder genoem, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enige van die name, eiendomme of oppervlaktes wat daarin voorkom, aan te hoor en daaroor te besluit:

(a) Om 09h00 op Dinsdag, 28 Oktober 1986, in die KWV-saal, Robertson.

(b) Om 09h00 op Woensdag, 29 Oktober 1986, by die Bonnievale Koöperatiewe Wynkelders, Bonnievale.

(c) Om 09h00 op Donderdag, 30 Oktober 1986, in die KWV-saal, Robertson.

Afskrifte van die lys van belasbare oppervlaktes, wat ingevolge artikel 63 (7) van genoemde Wet opgestel is, sal vanaf Dinsdag, 14 Oktober 1986, by die volgende plekke en persone ter insae lê:

(a) Bonnievale Koöperatiewe Wynkelders, Bonnievale.

(b) Sekretaris van die Zanddrift-besproeiingsraad, p/a Van Niekerk en Linde, Bonnievale.

(c) Sekretaris van die Breërivier-waterbewaringsraad, p/a Muller, Baard en Conradie, Robertson.

(d) Aan de Doorns Koöperatiewe Wynkelders, Worcester.

(e) Opmetingsdienstestreekkantoor, Departement van Waterwese, Worcester.

Enige geregistreerde eienaar van grond in genoemde gebied wat nie genoemde vergaderings kan bywoon nie, kan enige ander persoon skriftelik magtig om hom/haar op die vergaderings te verteenwoordig.

(9 Oktober 1986)

KENNISGEWING 699 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

Hierby word ingevolge artikel 17 (8) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, vir algemene inligting bekendgemaak dat die President van die Nywerheidshof, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, professor Charl Cilliers de Witt en professor Matthys Johannes Oosthuizen as bykomende lede van die Nywerheidshof aangestel het met die doel om sodanige funksies van die Hof uit te oefen as wat die President van tyd tot tyd gelas.

(9 Oktober 1986)

KENNISGEWING 700 VAN 1986

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 35/86

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, gerig word.

Increase in the duty on:

(1) Carbon (including Carbon Black), classifiable under tariff subheading 28.03, from 15 per cent *ad valorem* to 15 per cent *ad valorem* or R1,25 per kg less 85 per cent *ad valorem*.

[BTI Ref. T5/2/6/1 (B22/86)]

Applicant:

Algorax (Pty) Ltd, P.O. Box 862, Port Elizabeth, 6000.

(2) Motor vehicle filament lamps and glass envelopes, equipped with mountings, filaments and leading-in wires, by substituting for the provisions under tariff subheadings 85.20.75 and 85.20.97 the following:

Tariff heading	*Description*	*Rate of duty* General	*M.F.N.*
85.20.75	Motor vehicle filament lamps:		
.10	Stop light and tail light filament lamps, whether or not combined	25% or 40c each less 75%	
.20	Festoon filament lamps	25% or 34c each less 75%	
.30	Quartz iodide filament lamps	8,1c each	1,1c each
.40	Other headlight filament lamps	25% or 150c each less 75%	
.90	Other	25% or 36c each less 75%	
85.20.97	Glass envelopes, equipped with mountings, filaments and leading-in wires	15% or 30c each	

[BTI Ref. T5/2/16/3/1 (B28/86)]

Applicants:

National Lamps (Pty) Ltd, P.O. Box 246, Grahamstown, 6140.

Wotan Lamps (Pty) Ltd, P.O. Box 207, Alberton, 1450.

Marjon Manufacturing (Pty) Ltd, P.O. Box 8363, Johannesburg, 2000.

Reduction in the duty on:

Ammeters and voltmeters of a value for duty purposes exceeding 700c each but not exceeding 1 000c each, classifiable under tariff subheading 90.28.40, from various rates of duty to 15 per cent *ad valorem*.

[BTI Ref. T5/2/18/2/2 (C54/86)]

Applicant:

Hamrad (Pty) Ltd, P.O. Box 3579, Cape Town, 8000.

Rebate of the duty (in Schedule 3) on:

(1) Mica splittings on a support of artificial plastic material, classifiable under tariff subheading 68.15, for the manufacture of insulated electric wire, cables, bars, strips and the like.

[BTI Ref. T5/2/16/3/1 (D48/86)]

Applicant:

Winding Wires (Pty) Ltd, P.O. Box 787, Springs, 1560.

(2) Unprinted, spunbonded, non-woven fabric of man-made fibres (continuous), not impregnated or coated, of a mass per m^2 exceeding 20 g but not exceeding 50 g, classifiable under tariff subheading 59.03.55.20, for the manufacture of infants' disposable nappies of cellulose wadding.

[BTI Ref. T5/2/11/1 (D50/86)]

Verhoging van die reg op:

(1) Koolstof (met inbegrip van koolswart), indeelbaar by tariefsubpos 28.03, van 15 persent *ad valorem* tot 15 persent *ad valorem* of R1,25 per kg min 85 persent *ad valorem*.

[RHN-verw. T5/2/6/1 (B22/86)]

Applikant:

Algorax (Edms.) Bpk., Posbus 862, Port Elizabeth, 6000.

(2) Motorvoertuiggloeilampe en -glasomhulsels, met beslae, gloeidrade en inleidrade toegerus, deur die voorsiening by tariefsubposte 85.20.75 en 85.20.97 te vervang deur die volgende:

Tariefpos	*Beskrywing*	*Skaal van reg* Algemeen	*M.B.N.*
85.20.75	Motorvoertuiggloeilampe:		
.10	Stoplig- en stertliggloeilampe, hetsy gekombineer al dan nie	25% of 40c elk min 75%	
.20	Festoengloeilampe	25% of 34c elk min 75%	
.30	Kwartsjodiedgloeilampe	8,1c elk	1,1c elk
.40	Ander kopliggloeilampe	25% of 150c elk min 75%	
.90	Ander	25% of 36c elk min 75%	
85.20.97	Glasomhulsels, met beslae, gloeidrade en inleidrade toegerus	15% of 30c elk	

[RHN-verw. T5/2/16/3/1 (B28/86)]

Applikante:

National Lamps (Pty) Ltd, Posbus 246, Grahamstad, 6140.

Wotan Lamps (Pty) Ltd, Posbus 207, Alberton, 1450.

Marjon Manufacturing (Pty) Ltd, Posbus 8363, Johannesburg, 2000.

Verlaging van die reg op:

Ammeters en voltmeters met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as 700c elk maar hoogstens 1 000c elk, indeelbaar by tariefsubpos 90.28.40, van verskeie skale van reg tot 15 persent *as valorem*.

[RHN-verw. T5/2/18/2/2 (C54/86)]

Applikant:

Hamrad (Edms.) Bpk., Posbus 3579, Kaapstad, 8000.

Korting van die reg (in Bylae 3) op:

(1) Mika splitsings ondersteun deur kunsplastiekmateriaal, indeelbaar by tariefsubpos 68.15, vir die vervaardiging van geïsoleerde elektriese draad, kabels, stawe, repe en soortgelyke produkte.

[RHN-verw. T5/2/16/3/1 (D48/86)]

Applikant:

Winding Wires (Edms.) Bpk., Posbus 787, Springs, 1560.

(2) Onbedrukte spinverbonde veselvliesstowwe van gefabriseerde vesels (kontinu), nie geïmpregneer of bestryk nie, met 'n massa per m^2 van meer as 20 g maar hoogstens 50 g, indeelbaar by tariefsubpos 59.03.55.20, vir die vervaardiging van weggooibare babadoeke van sellulose watte.

[RHN-verw. T5/2/11/1 (D50/86)]

Applicant:

Carlton Paper of South Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 6473, Johannesburg, 2000.

General:

1. (i) Amendment of the tariff classification of yarns by adding the following to the Notes to Section XI:

16. For the purposes of Headings Nos. 51.01, 51.03, 54.03, 55.05, 55.06, 56.05, 56.06 the expression "sewing thread" means multiple (folded) or cabled yarn—

(a) put up on supports (for example reels, tubes), of a weight (including support) not exceeding 1 000g;

(b) dressed; and

(c) with a final "Z" twist.

(ii) Substitution for the heading to subheading 51.01.12 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
51.01.12	Yarn of polyamide fibres (excluding sewing yarn), not stretch or bulked:	

(iii) Substitution for the heading to subheading 51.01.27 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
51.01.27	Yarn of polyester fibres (excluding sewing yarn), not stretch or bulked:	

(iv) Substitution for the heading to subheading 51.01.37 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
51.01.37	Yarn of other synthetic fibres (excluding sewing yarn), not stretch or bulked:	

(v) Substitution for the heading to subheading 51.01.51 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
51.01.51	Yarn of other regenerated fibres (excluding sewing yarn), not stretch or bulked:	

(vi) Substituted for subheading 51.01.57 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
51.01.75	Sewing yarn	25%

(vii) Substitution for the heading to subheading 51.03.10 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
51.03.10	Of synthetic fibres (excluding sewing yarn)	

(viii) Deletion of subheading 51.03.10.20.

(ix) The addition of the following tariff subheading after subheading 51.03.10:

Tariff subheading		*Duty*
51.03.20	Sewing yarn	25%

(x) Substitution for subheading 54.03.10 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
54.03.10	Sewing yarn	5%

(xi) Substitution for subheading 55.05.10 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
55.05.10	Sewing yarn	25%

Applikant:

Carlton Paper of South Africa (Pty) Ltd, Posbus 6473, Johannesburg, 2000.

Algemeen:

1. (i) Wysiging van die tariefindeling van garings deur die volgende by die Opmerkings van Afdeling XI by te voeg:

16. By die toepassing van poste 51.01, 51.03, 54.03, 55.05, 55.06, 56.05 en 56.06 beteken die uitdrukking "naaigaring" meerdraad- (getwyn) of gekabelde garing—

(a) op stutte (byvoorbeeld tolle, buise) bemark, met 'n massa (met inbegrip van die stut) van hoogstens 1 000g;

(b) gedresseer; en

(c) met 'n finale "Z"-twyning.

(ii) Vervanging van die opskrif van subpos 51.01.12 deur die volgende:

Tariefsubpos		*Reg*
51.01.12	Garing van poliamiedvesels (uitgesonderd naaigaring), nie rek of uitbult nie:	

(iii) Vervanging van die opskrif van subpos 51.01.27 deur die volgende:

Tariefsubpos		*Reg*
51.01.27	Garing van poliëstervesels (uitgesonderd naaigaring), nie rek of uitbult nie:	

(iv) Vervanging van die opskrif van subpos 51.01.37 deur die volgende:

Tariefsubpos		*Reg*
51.01.37	Garing van ander sintetiese vesels (uitgesonderd naaigaring), nie rek of uitbult nie:	

(v) Vervanging van die opskrif van subpos 51.01.51 deur die volgende:

Tariefsubpos		*Reg*
51.01.51	Garing van ander geregenereerde vesels (uitgesonderd naaigaring), nie rek of uitbult nie:	

(vi) Deur subpos 51.01.75 deur die volgende te vervang:

Tariefsubpos		*Reg*
51.01.75	Naaigaring	25%

(vii) Vervanging van die opskrif van subpos 51.03.10 deur die volgende:

Tariefsubpos		*Reg*
51.03.10	Van sintetiese vesels (uitgesonderd naaigaring):	

(viii) Skrapping van subpos 51.03.10.20.

(ix) Byvoeging van die volgende tariefsubpos na subpos 51.03.10:

Tariefsubpos		*Reg*
51.03.20	Naaigaring	25%

(x) Deur subpos 54.03.10 deur die volgende te vervang:

Tariefsubpos		*Reg*
54.03.10	Naaigaring	5%

(xi) Deur subpos 55.05.10 deur die volgende te vervang:

Tariefsubpos		*Reg*
55.05.10	Naaigaring	25%

(xii) Substitution for subheading 55.06.20 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
55.06.20	Sewing yarn	25%

(xiii) Substitution in all the subheadings of tariff heading 56.05 of the words "sewing yarn" for the word "yarn" wherever it occurs.

(xiv) Substitution for subheading 56.06.25 of the following:

Tariff subheading		*Duty*
56.06.25	Sewing yarn	25%

[BTI Ref. T5/1/15 (F47/86)]

Applicant:

The Commissioner of Customs and Excise, Private Bag X47, Pretoria, 0001.

2. Substitution for tariff subheading 73.38.51 of the following:

Tariff heading		*Rate of duty*
73.38.51	Plates and saucers, not plated with precious metal, nickel or chromium, of a diameter:	
.10	Not exceeding 140 mm	5% plus 4c each or 35c each less 100%
.20	Exceeding 140 mm	5% plus 6c each or 65c each less 100%

[BTI Ref. T5/2/15/2/2 (F61/86)]

Applicant:

The Commissioner of Customs and Excise, Private Bag X47, Pretoria, 0001.

3. Amendment of tariff heading 48.07 as follows:

(a) Substitution of the tariff subheading 48.07.01 by the following:

48.07.05	Bottle tissue paper, lined	Free

(b) Insertion of the following after tariff subheading 48.07.80:

48.07.82	Printing paper and writing paper, ruled, lined or squared	20%

(c) Insertion of the word "other" before "printing paper" in the heading to tariff subheading 48.07.83.

[BTI Ref. T5/2/10/1 (F74/86)]

Applicant:

The Commissioner of Customs and Excise, Private Bag X47, Pretoria, 0001.

List 34/86 was published under General Notice 680 of 26 September 1986.

CORRECTION

(1) The expression "fabric" should be substituted for the expression "fibre" appearing under tariff subheading 70.20.20.10, under the heading "General" as published in List 31/86 under General Notice 628 in *Government Gazette* 10414 of 5 September 1986.

(2) The expression "gymnasium articles and equipment" should be substituted for the expression "body exercise apparatus" appearing under tariff subheading 97.06.90.10, under the heading "Rebate of duty", in List 32/86 as published under General Notice 644 in *Government Gazette* 10430 of 12 September 1986.

(9 October 1986)

(xii) Deur subpos 55.06.20 deur die volgende te vervang:

Tariefsubpos		*Reg*
55.06.20	Naaigaring	25%

